Langenhovenpark
Die GEMEENTE vir elke generasie

# OMGEE NUUS

## SONDAG 1 FEBRUARIE 2026

| Eredienste | |
|---|---|
| **09:00 Erediens**<br>**Liturg:** Ds Gerhard Meyer<br>**Teks:** Genesis 3: 1-13 (2020 vertaling)<br>**Tema:** Wat is sonde?<br><br>**18:00 Aanddiens**<br>**Liturg:** Ds Gerhard Meyer<br>**Teks:** Genesis 3: 1-13 (2020 vertaling)<br>**Tema:** Wat is sonde?<br><br>**JEUG**<br><br>**09:00 Kleuterkerk (3-6 jariges) - Gemeentesentrum**<br>**Aanbieder:** Marica<br>**Tema:** Stop en luister<br><br>**09:00 Kinderkerk (Gr 1 – 3) – Kleinkerk**<br>**Aanbieder:** Lisa Lombaard<br>**Tema:** Die verhaal van Jesus se geboorte Matteus 2:1-23<br><br>**10:00 JOG (Gr 4 – 7) – Kleinkerk**<br>**Aanbieder:** Lisa Lombaard<br>**Tema:** Die verhaal van Jesus se geboorte Matteus 2:1-23<br><br>**10:15 TvC (Gr 8 – 10) - Kerkgebou**<br>**Aanbieder:** Pieter le Roux<br>**Tema:** GEBED: Verskillende vorme van Gebed Jakobus 5: 13-20<br><br>**10:15 Belydenisklas (Gr 11) – Lokaal 1**<br>**Aanbieder:** Ds Gerhard Meyer<br>**Tema:** Wat is die Bybel en hoe werk dit? | **DIE KOMENDE WEEK...**<br>**<u>Maandag 2 Februarie</u>**<br>**18:00** Eiendomme Werkgroep – Lokaal 1<br>**18:00** Diensverhoudinge – Lokaal 2<br>**<u>Dinsdag 3 Februarie</u>**<br>**10:00** Aksie Afgetredenes – Kleinkerk<br>**18:00** Elektroniese bediening – Kleinkerk<br>**18:00** Kommunikasie Werkgroep – Lokaal 2<br>**<u>Woensdag 4 Februarie</u>**<br>**09:00** Bybelstudie – ds Leon<br>**<u>Donderdag 5 Februarie</u>**<br>**08:45** Bybelstudie – ds Gerhard<br>**14:00** Naaldwerk – Lokaal 1 & 2<br><br>**SONDAG 8 FEBRUARIE 2026**<br>**09:00 Erediens**<br>**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen<br><br>**JEUG**<br><br>**09:00 Kleuterkerk – Lokaal 2**<br>**09:00 Kinderkerk – Kleinkerk**<br>**10:00 JOG – Kleinkerk**<br>**10:15 TvC – Kerkgebou**<br>**10:15 Belydenisklas – Lokaal 1**<br><br>**Sinodale kollekte:-** 10% van ons kollekte, van vandag, word bygedra tot **Fonds vir Bearbeiding van Gevangenes** |

**AKSIE AFGETREDENES**

**DINSDAG 3 FEBRUARIE 10:00 – KLEINKERK**

**SPREKER :-** De La Harpe le Roux

**TEMA:-** Die groter barmhartigheids werk van die Kerk in die breër Vrystaat.

Kom kuier saam en geniet tee en verversings.

Alle afgetredenes is baie welkom

**AKSIE OLYFTAK**

**DINSDAG 10 Februarie 10:00 Kleinkerk**

Kom maak van die dienste gebruik soos bloeddrukmeting en suiker toetsing. **Daar sal ongelukkig nie by die geleentheid voetsorg wees nie.**

Kom kuier lekker saam!



## VOORSANG

Ons benodig mans en dames om deel te vorm van die groep wat die voorsang behartig. Indien jy belangstel kan jy ook deel word van die Gemeente se sanggroep.

Vir meer inligting en om jou naam op te gee, kontak Esther 082 772 7992




**SPYSKAART**

Lamskerrie, Bees Lasagne, Hoendergereg, Aartappelgereg, Groenboontjies, Pampoenpoffertjies, Rys en Mengelslaai
Nagereg: Roomys en Sjokolade sous
**Prys: R130 volwassenes / R60 kinders 6 – 12 jaar / kinders onder 6 gratis**

Bespreek en betaal by die kerkkantoor (kaartjies is reeds beskikbaar)

**Fondse t.b.v. die tuinfonds**

'n Tent, tafels en stoele (asook die lekker kos) sal voorsien word.
Bring asseblief eie eetgerei, glase en drinkgoed asook 'n tafeldoek.
Jy is ook welkom om jou tafel vooraf, te kom dek.

